# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 24 MEI 2026

# PINKSTER-FEESDIENS

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

*BID DAT DIE HERE ONS GEMEENTE EN ONS GEMEENTE WERKSAAMHEDE SAL SEëN*

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Genesis 1:1–2:4a; Psalm 8;**
**Matteus 28:16-20; 2 Korintiërs 13:11-13**

**SONDAG, 24 MEI**

09:00 Oggenddiens
NAGMAAL
Kleuterkerk in die klaskamer
Kinderkerk (Kinders sit by ouers in kerk)
Deuroffer ten bate van: Hawesending
Erediensspan 1 – Lorraine Louw

**Na afloop van die Erediens**

- Senior Kategese
- **GEEN** Gemeentetee

**MAANDAG, 25 MEI**

18:00 Kooroefening by De Eike
19:00 Sportmanne Bybelstudie
19:00 Vroue Bybelstudie

**DINSDAG, 26 MEI**

09:30 Senior Burger Bybelstudie

**WOENSDAG, 27 MEI**

09:30 Vroue Bybelstudie
09:30 Othello Bybelstudie

**DONDERDAG, 28 MEI**

**Sopkombuis**
**Sopkokers:** Wena Janse van Rensburg, Neels Janse van Rensburg, Elmari Schwenke-Vd Walt, Maranda Vd Merwe, Etetia Conradie, Pam en Cedric Pretorius
**Sop warm maak beurt:** Christine Myburgh

**VRYDAG, 29 MEI**

| SATERDAG, 30 MEI | |
|---|---|
| 08:30 | **BASAAR** |

| SONDAG, 31 MEI | |
|---|---|
| | EERSTE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD<br>BIDDAG VIR EKOLOGIE<br>DANKBAARHEIDSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Kleuter- en Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Kuilsrivier Dienssentrum vir seniors<br>Erediensspan 2 – Heidi Jonas |
| | **Na afloop van die Erediens**<br>• Gemeentetee<br>• Senior Kategese |

# GEMEENTENUUS



1. Leonore Everts (Bosduifstraat) het die afgelope week ‘n operasie ondergaan.
2. Tinus en René Ferreira (Brackenfell) se kleindogter, Juané Meiring, het o/18A WP Hokkie Kleure gekry.
3. Johan van Schalkwyk (Van Aardestraat) sterk tuis aan.
4. Pieter Combrinck (Andanté) is in Intercare Tygervallei.
5. Jaco Blomerus (Bloemkolkstraat) herstel na operasie.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



24/05 Hennie Snyman(87), Elriette van der Merwe, Eduan Joubert
25/05 Natalie Roberg, Jossie le Roux, Marietjie Goosen, Floris Jefthas
26/05 Willéne de Clerk, Arina du Plessis(89)
27/05 Louis Williams, Hannetjie de Swardt(85), Amanda Albrecht
28/05 Ds. Johan Morkel, Gabri Spies, Anneline Norman, Arnell Roberg, Henk Lategan, Pienaar Papenfus, Helen Venter(91)
29/05 Tielman Roos (jnr), Wilma Palvie, Ronica Wolfaardt
30/05 Willem Valentine, Pierre Steyn

# VAN ALLES EN NOG WAT



Die afbreek van die toring het begin waarna die nuwe toring gebou sal word. Konstruksie sal ongeveer 3 maande duur, afhangende van weersomstandighede.
Vir die duur van die konstruksie, sal daar ongelukkig geen toegang tot die Muur van Herinnering wees nie. Ons vra omverskoning vir enige ongerief.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## Hawesending

Bykans 30 000 seevaarders uit meer as 70 lande besoek jaarliks die hawe van Kaapstad. Dié buitelandse sendinggeleentheid is letterlik op ons voorstoep. Die bediening van die Christus-evangelie aan ons besoekers – deur skeepsbesoeke, persoonlike gesprekke, vriendskapsevangelisasie en sosiale hulpverlening, word sedert die 1940's in die Kaapstad-hawe onderneem, het 'n ekumeniese uitreikaksie geword en strek vanaf Richardsbaai in die ooste van die land tot by Saldanha-hawe in die weste. Bediening onder die vissergemeenskap het hieruit gegroei, is in 1984 in Houtbaai begin en word tans ook in Kalkbaai, Saldanha en Mosselbaai onderneem. Hierdie manne en vroue is verantwoordelik vir die vervoer en voorsiening van ons almal se elkedaagse gebruiksgoedere. Hulle benodig ons gebede en ons ondersteuning vir hulle geestelike behoeftes.

Webwerf: http://imsacape.christians.co.za

# NUWE INTREKKERS TEE UITNODIGING

Almal wat in hierdie jaar ingeskakel het by De Eike gemeente word hiermee hartlik uitgenooi om volgende Sondag 31 Mei 2026 in die saal na die Erediens saam tee te kom drink.

# KOSMANDJIE

Soos ons almal weet, raak die lewe regtig nou duur. Daarom waardeer ons elke item wat u kan bydra tot ons kosprojek. Die produkte word uitgedeel aan gesinne in ons eie gemeente. Hierdie is 'n manier om anoniem te help. Baie dankie aan elkeen wat bydra, dit word opreg waardeer.



Die volgende items is tans laag :

- kondensmelk
- aanmaak koeldrank 750ml
- lekkers
- soppoeier
- kitspoeding
- tamatiesous
- mayonnaise
- opwasmiddel

koffie 500g
tamatiepasta
blatjang
sjampoo (2 in 1)
waspoeier

Nogmaals baie dankie vir elke item.

Mandjies vol groete

# BASAAR

## BASAAR



## 30 Mei 2026



***RAAI NET WAT IS HIERDIE JAAR OP ONS***

***BASAAR????***

## “Slaptjips”



# BASAAR – 30 MEI 2026

Ons is in die pylvak na die basaar, eerskomende Saterdag 30 Mei 2026.

Vir oulaas ‘n paar reëlings en versoeke.

**BAIE BELANGRIK – NEEM KENNIS – DIE BASAAR BEGIN VANJAAR BIETJIE VROEëR, NAAMLIK 08:30 STIPTELIK.**

Die hooftak van die AKKER BANK (in die voorportaal) sal reeds vanaf 8:00 besigheid doen waar jy jou voorraad Akkerblare kan kom koop of afhaal indien jy reeds voor die tyd ‘n EFT gedoen het.

Die KAFEE waar jy iets kan drink en eet, is ook reeds van 8:00 aan die gang. Al die ander tafels sal eers om 8:30 met besigheid begin.

**BESTANDDELE BENODIG**
Dankie aan almal wat reeds bygedra het. Ons benodig steeds die volgende:
Bring asb teen Dinsdag op die laatste na die kerkkantoor.

| | |
|---|---|
| eiers – **sommer nog baie** | koekmeel |
| melk | suiker |
| kondensmelk | |
| *ideal* melk | bakpoeier |
| mayonnaise | fyn kaneel |
| vla | kookolie |
| *marshmallows* | Marie beskuitjies |
| versiersuiker | *sprinkles* |

**GEBAK**
As jy kans sien om ‘n paar ekstra koekies, beskuit of enigiets lekkers te bak, maak so. Ons sal dit verkoop. Bring teen Vrydag middag of Saterdag oggend voor 8:00 na kerk.

**AKKERBLARE**
Akkerblare sal beskikbaar wees die oggend van die basaar by die hooftak (in die voorportaal) of by enigeen van die volgende tafels: pannekoek, vleis, poeding en worsjorsies.


As jy nie daarvan hou om by ‘n bank in die ry te staan nie, koop jou Akkerblare vooraf. Dit sal vanoggend in die saal beskikbaar wees na die diens en ook by die kerkkantoor deur die loop van die week.




**PRYSLYS**

Gebruik die pryslys hieronder om solank jou sommetjies te maak sodat jy genoeg Akkerblare koop. Koop eerder te veel – jy kan die ongebruikte Akkerblare weer by die AKKER BANK omruil vir gewone kontant.






| | |
|---|---|
| Hamburger | R40 |
| Boepensbroodjies | R25 |
| Kerrie & Rys - 500 ml | R50 |
| Pannekoek | R8 |
| Poeding | R25 |
| Slaaie | R30 |
| “Slaptjips” | R30 |
| vetkoek - kerrie maalvleis | R35 |
| vetkoek - kaas en kontyt | R25 |
| Vetkoek - ongevul | R20 |
| Worsjorsies | R35 |
| Worsrolle | R30 |
| Kafee: Koffie, tee en warm sjokolade<br>Mini Tipsy en Sout Tertjie<br>Koeksister | R15elk<br>R5elk<br>R8 |
| Ander tafels | Verskeie pryse |








# DE EIKE JEUG

Ons Jeug kommissie samel warm klere en blikkies kos in vir ons *Winter Hoop* projek vir die behoeftige mense en kinders by Aksie Samaritaan. Veral kleiner mansklere is 'n groot behoefte.

Daar sal 'n houer by elk van die 2 hoof ingange wees waarin die skenkings geplaas kan word.  Merk asb julle donasies met *Winter Hoop*.

Dankie vir almal se ondersteuning hiermee!




# MARKPLEINKERK



# PREEKSKETS - SONDAG

## Tema: Laat hulle wonder……

**Prediker**:

Ds Adriaan Vogel

**Skriflesing:**
Hand 2:1-15

